

Dinsdag 29 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:10

Lewend gemaak om God te eer

Dit is net God wat 'n geestelik dooie mens weer geestelik lewend kan maak. Nie alle mense word geestelik weer lewend gemaak nie. Om geestelik wedergebore te word, is 'n gawe, 'n geskenk wat God gee aan diegene wat Hy uitverkies het.

Vir 'n geestelik dooie mens om weer geestelik lewend te word, verg niks minder nie as die krag waarmee die hemel en aarde, en ook alle lewe, geskep is. God het in en deur sy Seun alles wat bestaan, tot stand laat kom en lewe gegee (Joh. 1:3, 4). In Jesus het God ons herskep. Hy het ons saam met Jesus uit die dood opgewek en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.

Waarom het God ons van die liggaamlike en ook geestelike verganklikheid bevry en aan ons lewe gegee? Tog nie om net vir onself te leef en vyande van Hom te wees nie. Dan sou ons weer op die pad van die ewige dood wees. God het ons in Jesus geskep om ons lewens te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het. Ons Skepper se doel met ons is om goeie dae te doen gedurende ons hele lewe. Soos 'n lemoenboom nie anders kan as om lemoene te dra nie, kan 'n geestelik herskape mens nie anders as om goeie dae te doen nie.

God red ons en gee ons nuwe lewe om goeie dae te bly doen ten spyte van ons omstandighede. God wil dat ons ook te midde van onsekerheid, siekte, hartseer, bekommernis en swaarkry goeie dae sal bly doen. Wanneer dit ons fokus is, kom ons God se doel met ons lewens na.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)